As God jou wêreld skud.
Handelinge 9:1-19

Inleiding

- Soms gebeur onverwagte dinge in ons lewens.
    - Dinge wat ons wêreld skud.

- Jy of iemand naby jou word dalk ernstig siek.
    - Of jy stamp jou kar.
    - Of jy verloor jou werk.
    - Of SARS soek skielik duisende by jou
    - Of oor n tyd word n situasie net n groter gemors.

- As God jou wêreld skud is dit vir 'n rede.
    - Of jy kan net deur hierdie dinge ploeter...
    - of jy kan as Christen besef:
        - God is besig om my wêreld bietjie te skud
        - en dan self regop sit om nie uit te mis waarmee Hy besig is nie.

- Die boek Handelinge vertel juis daarvan.
    - God is nie passief en net aan die gesels met Christene nie.
    - Die boek leer ons hoe God met sy mense 'handel'.
    - Ons sien wat Jesus in en deur sy kinders doen...
        - met of sonder hulle gemak of goedkeuring.

- In Handelinge 9 kry ons 'n voorbeeld van twee mense
    - wat deur God geskud word: Paulus en Ananias.
    - Maar God skud nie net om te skud nie...

- ons sien ook hoekom Hy soms so in ons lewens besig is.

[Lees Handelinge 9:1-19]

- Ons gaan praat oor:
  - God wat vandag nog lewens skud
  - Die opdragte wat Hy gee
  - Hoe om daarop te reageer

God skud vandag nog lewens.

- Die Christen beweging het Saulus dwars in die krop gesteek.
  - As toegewyde Jood het hy soos 'n mal ding met 'n obsessie gelowiges laat vang en in die tronk gegooi.
  - Hy sou dit stopsit!
  - Damaskus was een van die volgende dorpe waarheen op pad was.

- Maar op pad soontoe het Jesus besluit om sy wêreld te skud
  - deur self aan hom te verskyn in 'n helder lig en te sê: "*Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop. (Hand. 26:14 OAV) 6Maar staan op en gaan na die stad toe. Daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen." (Hand 9:6 NAV)*.
- Dan lees ons
  - hoe hy blind geword het,
  - na Damaskus toe gelei is
  - en vir drie dae homself in 'n kamertjie toegemaak het sonder om te eet of te drink.

- Dit is duidelik dat hy tot in sy wese geskok was.

    - Die Jesus wat Hy vervolg het, het aan hom verskyn!
    - Sy appelkar was omgegooi.
    - Alles waarvan hy soos 'n malle oor oortuig was en voor gewerk het, het op die grond gelê.
        - God het Saulus se wêreld geskud.

- Maar Ananias, 'n volgeling van Jesus in Damaskus,
    - se wêreld sou ook skud.
    - Hy kry die onaangename opdrag van Jesus
        - om na Saulus toe te gaan,
        - vir Hom te bid en hom weer te laat sien.

- Saulus was 'n Christen se grootste nagmerrie.
    - Hy het basies vrymag gehad om te doen wat hy wou met hulle.
    - Hy was ook seker die laaste ou wat die Christene daardie tyd gedink het tot bekering sou kon kom.

- Hy rebelleer ernstig:
    - "Nooit nie Here, ek het gehoor wat daardie mal ou aan U volgelinge doen.
    - Hy is hier met toestemming om ons te vang."
    - My naam is dalk op sy lys.... dis selfmoord!
- Maar Jesus sê net weer "Gaan!".

- Nou, Ananias was maar 'n gewone ou.
    - Ons het nog niks voor die tyd van hom gehoor nie en ook nie weer na die tyd nie.
    - As ek Ananias was sou my broek gebewe het!

- Hier's die punt:
    - God skud soms mense se wêrelde!

- Dit beteken nie noodwendig God is ontevrede of kwaai of die mense word gestraf nie.
- As wêrelde geskud word is God aan die werk.

- Ons het baie keer die gedagte dat
  - God se beloftes van sorg en beskerming
    - beteken dat ons nooit storms of angs of onsekerheid sal beleef nie.
  - Hy is tog daar om ons lewentjies spieëlglad te hou soos 'n groot dam op 'n windlose dag.
  - Soos ‘n ‘geni’ wat uit ‘n lampie moet uitkom om vir ons te werk.
    - As dit sleg gaan doen Hy nie sy werk nie.
  - As Hy regtig iets ernstig in ons lewens wil doen
    - sal hy ons sekerlik narkose gee sodat ons tog nie omgekrap of seer kry in die proses nie!
    - Maar dis bog!

- Ons vergeet soms dat Hy, soos in Handelinge,
  - steeds besig is met ‘n baie groter agenda as ons dag tot dag plesier.
  - Hy is besig om ‘n stryd tussen lig en donker af te rond
  - en sy eer en glorie as die Almagtige te vestig.
  - Hierin gebruik Hy ons ook, nes ons in die boek Handelinge sien.

- Chistene aanbid ‘n ‘doen’ goed, nie net ‘n ‘praat’ God nie.
  - Dus word wêrelde nog geskud... steeds vandag.
  - Wat Hy wel nog altyd belowe is dat
    - Hy in die storm en angs en onsekerheid jou sal vashou en dra vir sy groter doelwitte.

- Dalk het Hy dit al in jou lewe gedoen
    - of dalk is Hy besig om dit op die oomblik te doen.
    - Dalk is hy daarmee besig in iemand naby jou se lewe.
    - Of dit 'n egskeiding is, 'n finansiële krisis, verhoudingsprobleme, konflik, siekte, werksprobleme
    - of enige ding wat jou bang, buite beheer of selfs seer laat voel.

- God skud soms wêrelde sonder handskoene!

God gee opdragte na sy skudding.

- Maar God skud nie net mense se wêrelde
    - om hulle wêrelde te skud as 'n siek grap nie.

    - Dis asof Hy op dié manier weer ‘n mens se aandag en fokus reg en op Hom wil kry.

- So... as Hy geskud het.... wat dan.....?
    - Jy sal sien dat Hy altyd kort duidelike opdragte gee wat daarmee saamgaan.
    - Geleenthede en leidrade om as eerste klein treetjie agter God aan te volg.

- Hy het Saulus se wêreld geskud en toe gesê: “[6]*Maar staan op en gaan na die stad toe. Daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen.*”

- Eenvoudige Ananias hoor: “[11]*Gaan dadelik na Reguitstraat toe en vra by Judas se huis na ’n man van Tarsus met die naam Saulus. ...*”

- Na die skud kom die opdragte altyd.

    - Dis dalk nie altyd in 'n visioen of droom nie,
    - maar na die skudding is dit dalk
        - daardie gedagte wat weer en weer kom.
        - Daardie voorstel of aanbod wat iemand aan jou maak.
        - 'n Oproep wat jy kry.
        - Daardie nuwe mens wat jy ontmoet en jou nooi vir koffie.
        - Iemand wat jy skielik orals raakloop.
        - Een of ander bediening by die kerk wat skielik net reg klink en met jou praat.
        - Enigiets wat gebeur en in jou binnekant voel jy... 'hier roer iets!'.

- Hierdie klein treetjies bring jou ook waarskynlik nie al klaar waar God met jou heen op pad is nie.
    - God sê net eers: Stop die bus...sit jou hand weer in myne en vat hierdie een treetjie in geloof.
    - Kom ons begin weer voor.
    - Kom ons begin weer waar Ek lei en jy volg.

- God skud,
    - kry jou aandag
    - en wys dan saggies die klein treetjies wat jy moet gee
    - sodat Hy weer in en deur jou kan lewe soos dit hoort.

Wees in die klein dingetjies getrou/gehoorsaam.

- Maar jy kan die Here se stille werking in jou lewe weerstaan
    - en jy kan ook die harde geskud weerstaan!

- In Handelinge 5:51 'verduidelik' die dissipel Stefanus, 'mooi' vir die Joodse leiers:[51]*Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle.*"

- Saulus was een van daardie mense met wie Stefanus hier gepraat het voor hulle Stefanus met klippe doodgegooi het.

- Dit is hoekom Jesus ook die bekende woorde teenoor Saulus gebruik het: *Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop. (Hand. 26:14 OAV) of 'Jy maak jou net seer deur jou te verset (NAV).'*

- Hierdie woorde van Jesus was eintlik 'n bekende Griekse idioom uit die boerdery wêreld.
    - Ploeg en trek diere is aangemoedig met 'n skerp stok of yster
    - waarmee hulle van tyd tot tyd bietjie op die regte pad gehou is.
        - Soos 'n prodder vandag op die plase.
    - Die diere het dan uit natuurlike reaksie teen die stekels geskop
        - net om dan verder seer te kry
        - en meer reaksie van die aandrywer te kry met die stekels.

- Ons hou nie van die geskud nie.
    - Ons hou nie van daardie eerste treetjies waarop die Here ons wil lei nie.
    - Ons hou nie van oorgee nie.
    - Ons wil nie agterloop dat Hy lei

        - terwyl ons eintlik half blind is en nie weet waar ons gaan uitkom nie.

MAAR WAT DAARVAN AS JY <u>VANDAG</u> ANDERS GAAN BESLUIT?

- Wat daarvan as jy vandag sou bid:
    - "Here loop asb weer voor,
    - ek volg tree vir tree in vertroue
    - dat U my kan gebruik."

    - En as jou lewe op die oomblik nêrens heen gaan nie, en jy niks sien nie:
        - Wat daarvan as jy vandag selfs sou bid: God... kom skud my wêreld!"

- Kyk na Paulus en Ananias...
    - God wou hulle verder vorm en dieper inlei in sy werk op aarde.
    - En dat Hy in
        - Paulus die vervolger,
        - Ananias die niemand,
        - en myself belangstel
    - bly nog steeds iets wat my elke dag verstom.

- Hy het al die rede in die wêreld om by my verby te gaan.
    - Ek is in sonde eerder met en vir myself besig.
        - Maar Jesus het gebid voor hulle hom terreggestel het: "Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van my af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!"
    - Hy het die pad gestap wat ek en jy nie elke dag wil stap nie

        - – sonder om te terug te skop
        - en daarvoor betaal dat ons terugskop.
    - Sodat Hy ons weer kan kom haal om daardie pad te leer stap.
    - Waar Hy weer lei en ek weer volg.

- Dit oortuig mens dat Hy regverdig is, maar ook vol genade,
    - en deur Christus my lewe kan en wil kom verander.

- Of dit nou op groot skaal of klein skaal is...
    - as God skud is dit tyd om jouself om te keer,
    - te bekeer en Hom te volg.

Slot

- God skud vandag nog wêrelde vir sy groter doel.
    - Hy skud soms erg, maar sy skud is 'n liefdeskud.
        - 'n Nader skud.

- Sit regop en gee aandag.
    - Nadat Hy geskud het is daar altyd opdragte en 'n nuwe pad om te loop.
    - Bid en soek die leidrade.

- Volg dit dan in geloof,
    - Net eers tree vir tree
    - waar Hy weer voor loop en jy agter.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
17 Augustus 2014